higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR-VLAK 3

(3011023)

18 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

246Q1N2418

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
EKONOMIESE OMGEWING
NKR-VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommerstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.



1.1.1 EEN van die volgende instellings is NIE 'n finansiële tussenganger nie.

A JSE
B Banke
C SAID (‘SARS’)
D Pensioenfondse

1.1.2 As die rand teen R18,50 teenoor die dollar verhandel, veronderstel dat die rand met 5% styg. Die nuwe wisselkoers sal ... teenoor die dollar wees.

A R19,43
B R17,57
C R19,75
D R16,57

1.1.3 … verwys na die bedrag geld wat betaal word vir arbeid vir 'n bepaalde tydperk.

A Verdienste
B Loonkoers
C Salaris
D Tantieme



1.1.4 Een van die volgende is NIE 'n element van die bemarkings-mengsel nie.

A Produk
B Plek
C Aanskaffing
D Bevordering

1.1.5 Die totale uitgawes van die ontvangs van goedere op die plek van kleinhandelverkope staan bekend as ...

A uitvoerkoste.
B landkoste.
C invoerkoste.
D vervoerkoste.



Kopiereg voorbehou

1.1.6 … beskerm die regte van werknemers.

A Arbeidsreg
B Arbeidshof
C Veiligheid en sekuriteit
D Privaat sekuriteit

1.1.7 Rente en wisselkoerse word beskou as ...

A vas.
B saamgestel.
C veranderlik.
D gespesifiseer.

1.1.8 'n Toename in ... kan lei tot koste-inflasie.

A uitvoere
B inkomstebelasting
C verbruikersbesteding
D BTW

1.1.9 Watter geldeenheid word deur die Verenigde Koninkryk gebruik om hul transaksies te doen?

A jen
B pond
C dollar
D rand

1.1.10 … vorm deel van die markomgewing van 'n besigheid.

A Personeel
B Voorraadbeheer
C Mededingers
D Bestuurders

1.1.11 Watter rekening word in die betalingsbalans gebruik om invloei en uitvloei van kapitaal aan te teken?

A Lopende rekening
B Rekening vir ongeregistreerde transaksies
C Buitelandse valuta
D Finansiële rekening

1.1.12 ... is wanneer beleggers vol vertroue voel oor die prestasie van die ekonomie.

A Bulmark
B Plaaslike mark
C Wêreldmark
D Beermark

Kopiereg voorbehou

1.1.13 Watter besigheidsfunksie werk daaraan om die beeld van die besigheid te bevorder?

A Openbare betrekkinge
B Produksie
C Bemarking
D Mensehulpbronne

1.1.14 Watter EEN van die volgende strategieë impliseer dat bestuur 'n wag-sien-rol speel wanneer hulle onvoorspelbare omstandighede in die gesig staar?

A Gebeurlikheidstrategie
B Aanvallende strategie
C Opposisiestrategie
D Passiewe strategie

1.1.15 ‘n Voorbeeld van 'n niehernubare natuurlike hulpbron is ...

A bome.
B die son.
C vis.
D water.

(15 × 1) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 Daar word gesê dat items in direkte verhouding is wanneer hulle in dieselfde verhouding toeneem.

1.2.2 Direkte finansiering beteken dat jy geld direk by die bank leen.

1.2.3 Tydens hoë invloei van fondse na die Suid-Afrikaanse ekonomie word die rand sterker.

1.2.4 *Portefeuljebelegging* verwys na die aankoop van bates waar die belegger slegs belangstel in die finansiële opbrengs op belegging.

1.2.5 Tegnologiese veranderinge vind plaas wanneer besigheidstransaksies van 'n handstelsel na 'n gerekenariseerde stelsel verander het.

1.2.6 Die mikro-omgewing behels faktore wat buite die beheer van die bestuur van die besigheid is.

1.2.7 Daar word ook na die markomgewing verwys as bedryfsomgewing.

Kopiereg voorbehou

1.2.8 Die Departement van Omgewingsake is verantwoordelik vir die opstel van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

1.2.9 Besighede maak wins wanneer hulle die gelykbreekpunt bereik.

1.2.10 'n Eksterne faktor soos klimaatstoestande kan arbeidsproduktiwiteit beïnvloed.

(10 × 1) (10)

1.3 Definieer elk van die volgende terme:

1.3.1 Uitvoere

1.3.2 Inflasie

1.3.3 Armoede

1.3.4 Ekonomie

1.3.5 Finansiële mark

(5 × 2) (10)

VRAAG 2

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Onder markaandele sal reis en toerisme (verbruikersdienste/ verbruikersgoedere) wees.

2.2 'n Toename in (rentekoers/tegnologie) is 'n voorbeeld van 'n strukturele verandering in die ekonomie.

2.3 Mnr. Lesetja Kganyago is die goewerneur van die (SAID/SARB).

2.4 (Risiko-oordrag/Risikovermindering) vind plaas wanneer die besigheid 'n ander party betaal om hul risiko te aanvaar.

2.5 Wanneer die rand waarde teenoor die dollar kry, sê ons dit (versterk/depresieer)

(5 × 1) (5)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

Energie- en voedsel-brandstofkrisis

Twee groot verskaffers van energie en kunsmis, Rusland en Oekraïne, het deur hul konflik ontwrigtings in die aanbod vir beide ontwikkelende en ontwikkelde lande veroorsaak .

Die mees fundamentele verandering was Europa se verskuiwing weg van afhanklikheid van Russiese gas. Europa het op twee maniere op die voorsieningsonderbrekings gereageer: om sy gas elders te soek en die skuif na hernubare energie te versnel.

[Bron: Die Koninklike Instituut vir Internasionale Sake, 2023]

3.1.1 Noem TWEE natuurlike hulpbronne wat Rusland uitvoer. (2)

3.1.2 Verduidelik hoe Europese lande gereageer het op die voorsieningsonderbrekings wat deur die konflik tussen Rusland en die Oekraïne veroorsaak is.

(2 × 2) (4)

3.2 Vier Europese lande het sonpanele by 'n Amerikaanse maatskappy as alternatiewe energiebron bestel. Die hele bestelling was €64 000, teen €8 000 per paneel. Bereken hoeveel elke land sal betaal as hulle op die volgende manier bestel:

3.2.1 Frankryk, 2 panele

3.2.2 Portugal, 1 paneel

3.2.3 België, 3 panele

3.2.4 Nederland, 2 panele

(4 × 2) (8)

3.3 Onderskei tussen *buitelandse valuta* en *binnelandse geldeenheid* en gee EEN voorbeeld vir elkeen. (6)

3.4 Wat is die vergoeding van kapitaal (‘remuneration of capital’)? (1)

3.5 Gee TWEE voorbeelde van kommoditeite wat deur Suid-Afrika uitgevoer word. (2)

3.6 Gee VIER stappe wat 'n bestuurder kan neem om die omgewing waarin hul besigheid funksioneer te skandeer. (4)

3.7 Onderskei tussen 'n *entrepreneur* en die *bestuurder.* (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.8 Beskryf kortliks TWEE oorsake van werkloosheid. (2 × 2) (4)

3.9 Noem VYF tipes plaaslike en internasionale finansiële markte. (5)
[40]

VRAAG 4

4.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.

SA Finansiële markte in onrus terwyl rand verswak, JSE-aandele tuimel

Die rand het byna onveranderd gebly op R19,81 teenoor die Amerikaanse dollar teen die sluiting van die verhandeling by die JSE nadat hy Dinsdag 'n nuwe laagtepunt van R19,86 bereik het weens 'n sterker Amerikaanse dollar, tesame met plaaslike politieke en elektrisiteitskwessies.

[Bron: *news24.com*, 2023]

4.1 Bereken die persentasie waarmee die rand van R19,86 tot R19,81 gestyg het. Wys al jou berekeninge. (4)

4.2 Bespreek hoe finansiële markte help om te verseker dat die ekonomie goed en doeltreffend funksioneer. (5 × 2) (10)

4.3 Bespreek die impak van 'n verhoging in korporatiewe belasting op Suid-Afrika se besighede. (5 × 2) (10)

4.4 Verduidelik kortliks waarom bestuurders bewus moet wees van veranderinge in die besigheidsomgewing. (3 × 2) (6)

4.5 Noem VIER elemente van die bemarkingsmengsel. (4)

4.6 Verduidelik kortliks hoe die kredietrekening (‘charge account’) as verbruikerskrediet werk. (2)

4.7 Verduidelik die konsep *dubbele sameloop van begeertes* (‘double coincidence of wants’). (3)

4.8 Identifiseer die strategie waar die bestuurder hulpbronne van een area na 'n ander area van die besigheid skuif. (1)
[40]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF funksies van die JSE. (5)

5.2 Onderskei tussen 'n *aandeel* en 'n *dividend*. (4)

5.3 Noem SES ekonomiese aanwysers. (4)

5.4 Definieer die term *fisieke omgewing* met verwysing na die besigheid. (2)

5.5 Die akroniem *P.E.S.T.* verteenwoordig die faktore waarvan besighede bewus moet wees wanneer hulle die omgewing skandeer.

Noem die faktore. (4)

5.6 Gee VYF dienste wat kommersiële banke aan die Suid-Afrikaanse publiek bied. (5)

5.7 Daar word beweer dat die super-aanhangers wat die 2024 Olimpiese Spele in Parys wou gaan kyk, minstens R250 000,00 elk moes gehad het, vir reis en verblyf vir 'n week, teen 'n wisselkoers van R20.54 teenoor €1.

5.7.1 Bereken die bedrag in euro wat elke super-aanhanger moet hê om na Parys te reis. Wys alle berekeninge. (3)

5.7.2 Gestel die rand versterk met 10%, bereken die nuwe geskatte randbedrag wat elke super-aanhanger nodig het om na Parys te reis. (6)

5.8 Die straatverkoper verkoop haar vetkoeke vir R2,70 elk. Voltooi die volgende tabel:

Verkoopprys	R8,10	(b)	(c)	R13,50
Aantal vetkoeke	(a)	6	9	(d)

(4)

5.9 Noem die nasionale departement wat verantwoordelik is vir die implementering van die fiskale beleid. (1)

5.10 Definieer die term *arbeid*. (2)

[40]

VRAAG 6

6.1

Laer brandstofpryse stabiliseer produsente-inflasie in Junie

Kort op die hakke van Woensdag se aankondiging dat verbruikersprysstygings tot hul laagste in 2024 gedaal het, het Donderdag se fabrieksprysopdatering van Statistieke SA nog 'n bewys gelewer dat inflasie in 'n rigting beweeg wat 'n besluit deur die Reserwebank kan ondersteun om vanjaar koerse te begin verlaag.
Jaarlikse produsenteprysinflasie vir Junie was 4,6%, onveranderd vanaf Mei en effens bo Bloomberg se konsensusvoorspelling van 4,5%. Die maand-tot-maand produsenteprysindeks (PPI) het egter met 0,3% gedaal, volgens Statistieke SA.

Deur Denene Erasmus: *Besigheidsdag, 25 Julie 2024*

Inflasiekoerse is problematies vir beide verbruikers en besighede.

Bespreek die impak van inflasiekoerse op die ekonomie (5 × 2) (10)

6.2 Onderskei tussen *eenvoudige rente* en *saamgestelde rente*. (4)

6.3 Definieer die term *wisselkoers*. (2)

6.4 Bespreek hoe die wisselkoers die invloei en uitvloei van geld in die Suid-Afrikaanse ekonomie kan beïnvloed. (5 × 2) (10)

6.5 Onderskei tussen *gelykbreekanalise* en *gelykbreekpunt*. (4)

6.6 Die Hub mini-meubelwinkel vervaardig en verkoop eetkamerstoele. Die eienaar het Andrew, sy vragmotorbestuurder, 'n aandeel van 5% van die wins in plaas van ‘n loon aangebied om te verseker dat almal voordeel trek uit die sukses van die onderneming. Die produksiekoste beloop R800 elk per stoel. Die eienaar is van voorneme om 'n wins van 15% te maak. Die winkel het daarin geslaag om 50 stoele te verkoop.

6.6.1 Bereken die totale inkomste wat The Hub gemaak het. (7)

6.6.2 Bereken Andrew se deel van die wins. (3)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou